Kan kuns medisyne wees?

Benaderings wat op kreatiewe kunste gegrond is en met kwesbare en ontmagtigde mense gebruik word, kan tot die bemagtiging van deelnemers en ryk antwoorde vir biomediese navorsing lei.

Felicity Hartley is ’n MPhil-student aan die Universiteit van Kaapstad en fokus op seksuele reproduktiewe gesondheid onder jong vroue.

ORCID ID:
https://orcid.org/0000-0002-8665-4528

Terwyl biomediese navorsers in hulle studies na die volledige prentjie soek om betroubare data te genereer, verdien die deelnemers aan sensitiewe kultureel-verbode biomediese navorsing – veral gemarginaliseerde persone – ’n stem, ’n oor en ’n glimlag.

Die kwalitatiewe navorsers in biomediese navorsing kan help om die navorsingsontwerp en -proses s te ontwerp dat die deelnemers ’n stem gegee word en as individue gesien en gehoor word.

Deur metodes te gebruik wat op visuele kunste gegrond word, kan hindernisse soos taal- en kulturele versperrings oorkom word en die sensitiwiteit van die onthullings verminder word. Terselfdertyd stel dit die deelnemers in staat om hulle verbeelding te gebruik, pret te hê en deel van die proses te wees om ryk data te genereer.

“Die groot bonus is dat kreatiewe vaardighede nie nodig is nie, en diversiteit en individualiteit word erken en waardeer,” sê Felicity Hartley.

Deur hierdie benadering te gebruik, kan navorsers en instellings wat tydens navorsing oor seksuele reproduktiewe gesondheid sensitiewe inligting by kwesbare en ontmagtigde mense soos jong adolessente vroue insamel, dit op ’n kreatiewe en waardige manier met sensitiwiteit doen.



Die visuele kunste kan help om ryk, lonende navorsingsprojekte te ontwerp.

“Op hierdie manier deel deelnemers met vertroue en samewerking inligting om die navorsingskennis gesamentlik te skep, terwyl hulle by die bemagtiging en empatie baat vind.”

Presented in association with the Institute of Infectious Disease and Molecular Medicine, this programme forms part of #theArtofResearch, an initiative of research communication specialists Jive Media Africa.

ACTIVATING AFRICAN KNOWLEDGE
Jive Media Africa